'n Weg om meer te word soos Jesus

Deel 3: Kry die beste van God

Kernteks

Rom 12:2 En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed, sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

Rom 12:2 Don't become so well-adjusted to your culture that you fit into it without even thinking. Instead, fix your attention on God. You'll be changed from the inside out. Readily recognize what he wants from you, and quickly respond to it. Unlike the culture around you, always dragging you down to its level of immaturity, God brings the best out of you, develops well-formed maturity in you. (MSG)

"Sodat julle kan beproef"

Uit hierdie gedeelte is dit duidelik dat God wil dat ons moet beproef of toets wat die goeie, welgevallige en volmaakte wil van God is.

"Goeie" die voordeel wat ons daaruit kan kry.

"Welgevallige" dit wat aangenaam is, in eenstemming is, aanneembaar is.

"Volmaakte" volledig, kompleet, niks kom kort nie.

God wil dat jy sy goeie, welgevallige, en volmaakte wil vir jou lewe moet beproef, ondersoek of toets. God wil vir jou sy beste gee. Sy goeie, welgevallige en volmaakte wil vir jou lewe, huwelik, finansies, werk, familie, ens.

God het die beste vir jou, maar hoe jammer is dit dat so baie nie God se beste ervaar nie.

Jy moet eers die geveg veg om God se beste te kry

Wat hou jou terug om in God se beste in te stap? Om soos die wêreld te lewe. Die wêreld verwys na Satan.

1 Joh 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. *Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.*

1 Joh 3:9 Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

1 John 3:8 Those who make a practice of sin are straight from the Devil, the pioneer in the practice of sin. The Son of God entered the scene to abolish the Devil's ways. 1 John 3:9 People conceived and brought into life by God don't make a practice of sin. How could they? God's seed is deep within them, making them who they are. It's not in the nature of the God-begotten to practice and parade sin.

Wie is Satan; jou vyand?

- Satan: beteken teënstander
- Duiwel: beteken aanklaer, kwaadspreker of lasteraar.
- Slang: Omdat hy die mens die eerste keer dmv 'n slang verlei het.
- Lucifer: afgelei van die Hebreeuse woord wat môrester beteken. – sy posisie voor sy val.
- Beëlsebul: god van die vlieë of god van die mishoop
- Belial – Kom net voor in 2 Kor 6:15 wat nutteloos of waardeloos beteken – niksnut.
- Versoeker – Mat 4:3
- Bose – Mat 6:13
- Vyand – Matt 13:39
- Mensemoodernaar - Joh 8:44
- Leuenaar – Joh 8:44
- Die vader van die leuen – Joh 13:31
- Owerste van die wêreld Joh 12:31
- Een wat homself as die engel van die lig voordoen 2 Kor 11:14
- Die groot draak – Op 12:9
- Die aanklaer van die broers Op 12

1 Pet 5:8 "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind."

1Peter 5:8 Be serious and keep watch; the Evil One, who is against you, goes about like a lion with open mouth in search of food;

1Peter 5:9 Do not give way to him but be strong in your faith, in the knowledge that your brothers who are in the world undergo the same troubles.

Die heerskappy van die duiwel in ons lewe hang af van die mate van God se beheer in ons lewe.

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.



PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

Hoe kry ek die beste van God, deur die vernuwing van jou denke?

Pro 23:7 For as the thoughts of his heart are so is he (BBE)Spr 23:7 Want soos hy in sy siel bereken so is hy (AOV). Hoe moet ek my gedagtes verander? Dit is eintlik maklik, jy moet die invloei van jou gedagtes beheer. Wat luister jy, wat kyk jy, wat lees jy?

Word vernuwe

EF 4:23 en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed (denke).Eph4:23 be renewed in the spirit of your mind. Eph 4:23 Let the Spirit change your way of thinking

Rom 12:2"En word nie aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander deur die vernuwing van julle gemoed (denke), sodat julle kan beproef wat die goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.

(BBE) And let not your behaviour be like that of this world, but be changed and made new in mind, so that by experience you may have knowledge of the good and pleasing and complete purpose of God.

(CEV) Don't be like the people of this world, but let God change the way you think. Then you will know how to do everything that is good and pleasing to him.

Transformed / change –verander: Change / verander – griekse woord "metamorphoo" beteken 'n totale verandering, onder die krag van God, wat die karakter en wese van die mense verander.Ons verander dus van vleeslike natuur na die geestelike natuur, ons word dus soos Christus.

Vernuwe / renewing: Griekse woord – "ankainosis" beteken die verstelling van die geestelike visie en denke na die gedagtes van God, wat lei tot 'n totale transformasie in 'n mense se leefwyse-en-styl.

Die geveg vind plaas in jou gedagtes

Die mens word ongeveer in een dag met 650 000 negatiewe gedagtes aangeval ten einde verwarring, vrees, onsekerheid, depressie en negatiewe emosies – alles ten einde jou Godgegewe doel te mis. Dit is belangrik om te weet dat jy daagliks in geveg is, tussen goed en sleg.

Hierdie geveg vind plaas in jou gedagtes. Jy kan die geveg wen

1. Jy moet die geveg in jou gedagtes wen.

2. Jy moet jou gedagtes vul met gedagtes van God.

Fil 4:8 "Verder, broeders, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat regverdig is, alles wat rein is, alles wat lieflik is, alles wat loflik is—watter deug en watter lof daar ook mag wees, bedink dit."


PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com

God se gedagte oorjou is onbeperk

1 Kor 2:9 maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet. 1 Kor 2:10. Maar God het dit aan ons deur sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. 2 Kor 10:3 Want hoewel ons in die vlees wandel, voer ons die stryd nie volgens die vlees nie; 2 Kor 10:4 want die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, 2 Kor 10:5 terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus,

Die duiwel besoedel jou gedagtes met sy vuilheid, leuens, gemors, ongeloof, onvermoë, en tevredenheid met die huidige.

1Pet 4:1 "Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook wapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde,"

"moet julle jul ook wapen" – julle voorberei vir die geveg

"met dieselfde gedagte" met die gedagtes van Christus.

1 Pet 4:1 "Since Jesus went through everything you're going through and more, learn to think like him."

Die geveg word gewen deur gebed en die Woord van God.

Hoe meer jy tyd spandeer met die dinge van die Here, hoe groter word die wapentuig waarmee jy die vyand kan aanval. Onthou die geveg is in jou gedagtes. Waarmee prop jy jou gedagtes vol? Die geveg word in jou gedagtes gewen. Dit is belangrik om tyd te neem om jou gedagtes met die Woord van God te vul. Die gedagtes is die middelpunt van die hele liggaam. Dit is ook die waarskuwingssentrum van die liggaam. Dit is belangrik om beheer te neem oor jou gedagtes, waar die geveg gewen of verloor word.

Vernuwe jou gedagtes deur:

- God se Woord te hoor – Rom 10:17
- Die Woord te lees – Open 1:3
- Die Woord te memoriseer - Ps 119:9,11
- Die Woord te bestudeer - 2 Tim 2:15
- Mediteer oor die Woord – Jos 1:8


PDF Creator - PDF4Free v3.0 http://www.pdf4free.com